

DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die agtste verslag vanjaar.

Politiek

- Dit wil voorkom asof die ANC Jeugliga wil voortgaan om die plaaslike politiek toneel heeltemal te oorheers. Hulle is seker van mening dat hulle nog nie al die resultate van hul jeugfees aan die einde van verlede jaar sien ontvou het nie. Die probleem van die werklose jeug bly egter onopgelos.
- Terselfdertyd blyk dit egter baie moeilik te wees om van ou manne ontslae te raak soos nou die geval is in Libië – selfs al neem jy sy land oor.
- Die opstande in Sirië word steeds onderdruk sonder enige noemenswaardige inmenging van buite. Dalk is hul oliebronne nie so belangrik soos Libië s'n nie?
- Die onrustigheid in die res van die Midde-Ooste is tans ietwat minder, maar die onderliggende probleme in lande soos Egipte is steeds nie opgelos nie.
- So sal die werkloosheid in die VSA ook bly spook tot en met die presidentsverkiesing in November 2012. Daardie president sal sekerlik ook nie rustig kan slaap nie.
- Die ekonomiese probleme van Euroland verdiep steeds met geen werklike oplossing in sig nie. Dit kan tot verdere politieke spanning in die organisasie asook in spesifieke lande lei.
- Japan het egter besluit om weer eens 'n eerste minister te vervang – die sesde in die afgelope vyf jaar. Of dit 'n oplossing vir hul ekonomiese probleme sal bring, is te betwyfel.
- Die huidige Italiaanse premier skop egter vas en klou aan die bewind niteenstaande allerlei prettige partytjies en negatiewe hofuitsprake.
- Intussen is dit redelik rustig in Zimbabwe en sal hul oortollige mense seker deur die RSA Oktober-sensusopname as permanente toeriste getel word.

Internasionaal

- Die vrese wat in Augustus kop uitgesteek het oor die moontlike resessie wat op die ontwikkelde wêreld wag, het met die jongste indiensnemingsyfer in die VSA verder verdiep. Daar is nou al hoe meer ontleders wat van mening is dat 'n verdere periode van negatiewe groei onafwendbaar is in die VSA. Hierdie situasie word veroorsaak deur die hoë vlak van werkloosheid, asook die huismark wat nie herstel nie en verbruikers se vermoë om te bestee aan bande lê. Private verbruik maak sowat 70% van die VSA ekonomie uit. Die bekommernis is dat die omvang van die probleme wat die werklose en huislose VSA verbruiker ervaar groter is as wat die positiewe impak van 'n laer olieprys en die heropbou van Japan kan wees.
- Tesame met hierdie bekommernis, verdiep die probleme in die Eurogebied verder. Die poging om die Griekse begroting onder beheer te bring deur 'n strengere fiskale beleid – dus om uitgawes te besnoei en belastinginkomste te vergroot – bring mee dat die ekonomie in 'n diep resessie beland met moontlik negatiewe groei van sowat 5% vanjaar. Dit sal meebring dat belastinginkomste verder verswak en uitgawes moeiliker besnoei sal word. Die begrotingstekort kan dus nie werklik opgelos word nie en sal die

hulppakkette verder vergroot moet word. Wie gaan egter daarvoor betaal? Die Duitse belastingbetaler/kieser lyk nie juis lus om dit te doen nie!

- Lande soos Portugal, Ierland, Italië, Griekeland en Spanje (PIIGS) kan eintlik nie aan 'n resessie ontsnap indien hulle hul finansiële huis in orde wil kry nie. Dit kan 'n negatiewe impak op wêreld ekonomiese groei hê.
- Intussen is die Japanse heropbou aan die gang. Voortslepende politieke onsekerheid beperk egter enige sterk optrede van die regering om die finansiële probleme wat gepaardgaan met hierdie heropbou aan te spreek. Die Japanse staatskuld is reeds meer as 200% van die ekonomie en sal verder styg. Gevolglik is die Japanse kredietgradering in die afgelope maand ook afwaarts aangepas.
- Weens die sterk groei wat in die res van die Verre-Oosterse lande die afgelope jaar of wat behaal is, sukkel die meeste van hierdie lande om hul inflasiekoers onder beheer te bring. Al die lande in die streek het die afgelope jaar hul rentekoerse verhoog in 'n poging om die oorverhitte ekonomieë te laat stoom afblaas. Dit dui op stadiger groei wat dus nie soos verlede jaar die res van die wêreld se swakker groei sal neutraliseer nie.
- Ander ontluikende lande soos Turkye en Brasilië het in die afgelope paar weke hul rentekoerse verlaag omdat die klem tans eerder op die beskerming van groei as die bekamping van inflasie geplaas word. Is dit gesonde beleid?
- Die vrees vir 'n resessie in die VSA lei tot sekere aksies. Eerstens is daar 'n vlug uit aandelebeurse omdat verwag word dat maatskappye se winste onder druk sal kom. Hierdie vlugkapitaal soek dan 'n heenkome in die veiligheid van staatseffekte en edelmetale. Die gevolg is dat kapitaalmarkrentekoerse in die VSA, Euroland, VK, Japan en lande soos die RSA, daal. Terselfdertyd styg die pryse van goud, silwer, platinum baie sterk. Daarteenoor verswak die olieprys. Ander kommoditeite se pryse het nie noemenswaardige bewegings getoon nie, alhoewel aanvaar moet word dat die vraag na hierdie kommoditeite moet verswak indien die wêreld 'n verdere resessie beleef.
- Die verdere gevolg van die vrees vir 'n resessie in die ontwikkelde lande is dat verwag word dat korttermynrentekoerse vir baie langer sywaarts sal beweeg. Hulle kan in die meeste gevalle nie verder verlaag word nie, maar in die geval van Euroland sal die rentekoersverhogings wat sedert die begin van die jaar plaasgevind het, seker weer ongedaan gemaak word in komende maande. (Dit was vir my baie eienaardig dat terwyl mnr Trichet van die Europese Sentrale Bank (ESB), rentekoerse verhoog het, hy voortdurend daarop klem geplaas het dat lande hul begrotings onder beheer moet kry, terwyl almal buite Euroland geweet het dat dit nie juis moontlik is nie.)
- Verder word verwag dat die Federal Reserve Board tydens sy 21 en 22 Septembervergadering verdere stimulus sal aankondig en dat president Obama op 8 September ook verdere regeringsbesteding sal bepleit – of dit sal realiseer sal eers later duidelik word.
- Ons is dus weer terug by die situasie van 2009 waar korttermynrentekoerse so laag is dat beleggers wat 'n opbrengs soek, geld in hierdie markte sal leen en daarmee algemene kommoditeite, staatseffekte en uiteindelik weer aandele sal koop. In die korttermyn kan verwag word dat fondse veral na die edelmetale en staatseffekte sal vloei. Hoeveel verder kapitaalmarkkoerse egter kan daal, bly 'n ope vraag. Tien jaar VSA en Duitse staatseffekte het op 2 September op minder as 2% verhandel. Is dit 'n goeie opbrengs vir 10 jaar ?

- Terselfdertyd word verwag dat die wêreld ekonomie wel in 2011 steeds positiewe reële groei sal toon. Dit sal egter minder wees as die meer as 4% wat aanvanklik verwag is, maar kan steeds sowat 3.5% haal.

Plaaslik

- Indien die wêreld ekonomie weer eens stadiger groei beleef, sal dit 'n negatiewe impak op die plaaslike ekonomie hê. Die reeks stakings wat plaaslik beleef is, het reeds ekonomiese groei in die tweede kwartaal geknou. Die reële groei van selfs meer as 3.5% wat vir 2011 voorspel is, sal moontlik baie nader aan 3% wees weens al dié gebeure. Voortgesette staatsbesteding aan salarisse, lone en welsynsbetalings tesame met hoër salarisse en lone wat beding is, behoort wel private verbruik in komende maande te ondersteun.
- Uitvoere kan in die res van die jaar banadeel word indien groei in ons uitvoermarkte soos die Verre-Ooste en Euroland aansienlik verlangsaam. Terselfdertyd behoort die invoere vir projekte soos die Eskomkragstasies en die vernuwing van die Transnet lokomotiewe voort te gaan. Gevolglik word 'n tekort op die handelsrekening van die betalingsbalans voorsien. Tesame met die voortgesette tekort op die diensterekening, sal die lopenderekoning van die betalingsbalans weer eens 'n tekort toon. Hierdie tekort sal deur die voortgesette invloei van korttermynkapitaal gefinansier word. Die afgelope maand het egter weer eens getoon hoe onstabiel hierdie invloei kan wees indien daar 'n krisis in die buiteland ontstaan. Die Reserwebank sal dus steeds daarop bedag moet wees dat alhoewel die betalingsbalans tans onder beheer is, die risiko's van skielike, groot kapitaaluitvloei bestaan.
- Die sentrale regering se begrotingstekort sal groter wees as wat aanvanklik beraam is weens die stadiger as verwagte groei wat 'n negatiewe impak op belastinginvordering sal hê. Nogtans is die RSA situasie nie naastenby so moeilik as dié van die PIIGS lande nie, maar die onderliggende tendense sal baie noukeurig dopgehou moet word in komende jare. Die grootste bekommernis is die groot besteding aan salarisse, lone en welsynsbetalings, terwyl investering aan die heel agterste speen suig. Die vraag wat steeds na vore kom, is of die huidige bestedingspatrone in die langtermyn volhoubaar is? Plaaslike owerhede se probleme bly onopgelos nieteenstaande aansienlike verhogings in belastinge en tariewe vir dienste – in baie gevalle – nie gelewer nie.
- Die oplossings vir die onderwys- en opleidingsprobleme bly blykbaar die owerhede in die meeste gevalle ontwyk. Intussen kan verwag word dat werkloosheid in die res van die jaar – en ook in 2012 – verder kan toeneem. Met plaaslike en internasionale rentekoerse op baie lae vlakke, 'n sterk rand en salaris- en loonverhogings wat meer as die inflasiekoers en aansienlik meer as die produktiwiteitsverbeterings is, moet verwag word dat werkloosheid sal toeneem. Hierdie situasie sal vererger indien ekonomiese groei aansienlik sou verlangsaam en maatskappye gedwing word om kostes verder te besnoei.
- Alhoewel inflasie van 5.3% steeds binne die mikpunt van tussen 3% en 6% is, word verwag dat dit in die res van die jaar verder kan styg. Dit sal te wyte wees aan die salaris-, loon-, elektrisiteits- en ander owerheidstariefstygings, asook verdere voedselprystoename wat verwag word. Die Reserwebank is

egter van mening dat inflasie teen die einde van die jaar en in die eerste kwartaal van 2012 die boonste mikpunt sal raak en oorskry, maar daarna weer tot binne die mikpunt sal daal indien die rand sterk bly.

- Plaaslike korttermynkoerse kan stabiel bly tot die einde van 2012 en selfs langer. Tans beperk swak ekonomiese vooruitsigte enige verhoging en die stygende inflasiekoerse enige verlaging van hierdie rentekoerse.
- Plaaslike langkoerse het verder gedaal in samehang met die internasionale tendense en die buitelandse vraag na plaaslike staats- en ander effekte. Hoe ver hierdie koerse nog kan daal gegewe die stygende inflasiekoerse en groot finansieringsbehoefte van die owerheidsektor, bly ook 'n ope vraag.
- Die rand word ondersteun deur die voortgesette invloed van korttermyn internasionale kapitaal. Enige toename in internasionale onsekerhede, sal egter tot risikovermyding lei en die rand laat verswak.

Beleggingsomgewing

- Die onstabieleit in die internasionale en plaaslike finansiële markte sal voortduur solank onsekerheid bestaan oor 'n moontlike resessie en die aksies wat sentrale banke en regerings sal neem om dit teen te werk.
- Tans word verwag dat sentrale banke die geldvoorraad weer eens sal verruim en regerings meer sal bestee om negatiewe groei te voorkom of minstens te beperk. Kortkoerse sal dus in die VSA, VK, Euroland, Japan vir geruime tyd stabiel tot laer neig.
- Dit sal meebring dat fondse in die geldmarkte geleen sal word en in die kapitaalmarkte, effektebeurse, kommoditeit- en valutamarkte belê word. Tans word die effektebeurse vermy omdat verwag word dat maatskappywinste onder druk sal kom weens swakker ekonomiese groei. Maatskappye wat egter die 2009 resessie oorleef het, goeie bestuur handhaaf en kostes onder beheer hou, behoort in die langer termyn beter dividendopbrengste te lewer as wat tans in menige geld- en kapitaalmark verkry kan word.
- Nieteenstaande baie lae rentekoerse sal die Switserse frank en Japanse yen steeds aantreklik wees in onsekere tye. Daarteenoor sal kommoditeituitvoerlande soos die RSA, Australië met hoër rentekoerse ook voorkeur beleggingsterreine wees wanneer beleggers en spekulante minder angstig en emosioneel is.
- Die aanduiding is dat internasionale en plaaslike kapitaalmarkte steeds fondse lok, maar dat dit al hoe meer riskant word weens die huidige lae vlak van hierdie rentekoerse.
- Plaaslike kortkoerse sal ook tot minstens die einde van 2012 sywaarts beweeg.
- Solank internasionale rentekoerse op huidige lae vlakke bly, sal beleggings in die RSA geld-, kapitaal- en effektemark aantreklik bly en sal die rand sterk vertoon. In onstabiele tye wanneer risiko's vermy word, sal die rand wel verswak. Gegewe die verwagte internasionale rentekoerstendense behoort die rand in die algemeen sterk te vertoon tot minstens die einde van 2012.

Ulrich Joubert.
3 September 2011.